Uilenkraalsmond Kampvereniging

Amethyst straat 15

Stellenrigh **Tel: 083 388 9521**
Bellville **Faks : 021 449 6437**
7530 **E-Pos: Barnie.Germishuys@Transnet.net**
Web Site:www.Uilenkraalsmondresort.co.za

REF: 50/03/2010
Datum: 16 Maart 2010

KAMPVERENIGING NUUSBRIEF – MAART 2010

Aan Alle Uilenkraalsmond Kampvereniging lede

Hallo almal

Dit is nou die tyd om julle in te lig oor hoe dit gaan met ons plek en wat ons sien vir die toekoms en waarvoor ons onsself moet regmaak.

Wat die Bestuur van die Kampvereniging aanbetref kan ek julle meedeel dat daar in Februarie 'n strategiese werk sessie was waar ons plan van aksie gestalte gekry het vir 2010.

Hierdie plan behels 'n HEEL LAASTE POGING om met die ODM in gesprek te gaan. Die ODM het basies tyd tot Paasnaweek om hulle bereidwilligheid te wys om met ons as Uilkraal bewoners te kommunikeer met die respek wat ons toekom. Hulle is ook versoek om die moratoriums onmiddellik op te hef.
ONS WAG VIR 'N ANTWOORD!

Soos dinge tans staan sal ons waarskynlik iewers in April briewe uitstuur om 'n mandaat te vra van al die struktuur eienaars te Uilenkraalsmond vir die aksie wat geloods moet word ten einde nou baie duidelik en ondubbelsinnig die boodskap deur te gee dat ons nou moeg verby is oor die feit dat daar met ons gemors word.

Tweedens moet ek u inlig dat 'n baie onaangename ding is aan die gebeur nl. die feit dat Overstrand Munisipaliteit blykbaar besluit het – (sonder om ons as Kampvereniging daaromtrent in te lig ongeag die feit dat hulle baie goed weet waar om ons te kry) – om nie meer as diensverskaffer van ons krag behoeftes beskikbaar te wees nie – dit ongeag 'n versekering tot die teendeel in 2008 wat ons van die heer Mnr Theo Byleveld gekry het. Ons het hierdie inligting eers verlede Vrydag bekom al was dit blykbaar al lankal bekend !

Die Kampkomitee het op 'n vergadering van Saterdag 13 Maart 2010 'n afvaardiging opdrag gegee om met die Overstrand Munisipaliteit in gesprek te tree. Ons Prokureur sal hopelik deel wees van hierdie gesprek en dus sal daar koste wees vir die mense wat dit die minste kan bekostig. Die tyd om 'n alternatiewe diensverskaffer te vestig is beslis te min en dan wil ek nie eers oor die koste van die krag praat nie.

Ek dink dit is ’n verdomde skande dat lojale betalers van ’n diens so behandel word en op ’n persoonlike noot sal ek wragtig “hierdie eie honde wat die seerste byt” beslis in gedagte hou wanneer ek in 2011 in die plaaslike owerheid verkiesing moet gaan stem en ek hoop meer mense neem dit in ag.

In die derde plek – die ODM het alweer verander. Mnr GW Hermanus is uit (ek aanvaar tot verdere kennisgewing) en Mnr van den Heever is aangestel om waar te neem tot in 2011, so verstaan ek.
Die Speaker van die Raad is nie meer nie en in sy plek is Mnr M Dennis. Ek kan sê ek het al in die verlede saam met die man op ’n reklame vereniging komitee gedien en het hom as baie aangenaam en redelik ervaar – dit is geskiedenis wat ek kan bevestig.

Ek verstaan deur hoorsê dat die ODM se nuwe bestuur met ons wil saamwerk. Ek hoop dit word bewaarheid en dat hulle dit baie gou aan die Kampvereniging formeel sal kommunikeer.

Op operasionele gebied is geld beskikbaar gemaak om onderhoud op ’n paar plekke te Uilenkraalsmond te doen, Ons wens Johan Botha alle sukses met sy pogings om die geld wys te spandeer.

Dan aan al die mense wat nog nie hulle lidmaatskap van die Kampvereniging vanjaar hernu het nie – Asseblief mense bring julle kant. As julle werklik nie die R100 kan bybring nie, sê in vertroulikheid dit aan my. Indien jy dit nie wil gee nie vir enige van jou eie redes, sê dit ook, dan weet ons daarvan en sal jou beslis nie weer lastig val nie. As jy dit egter tot nou toe net nie as belangrik genoeg geag het nie, versoek ek ernstig dat jy dit ’n prioriteit sal maak. Ons het werklik almal se ondersteuning en fondse nodig om ons regte te bevestig. Asseblief mense moet nie julle self “drop” nie – mens besef eers wat jy verloor het as dit weg is en nie meer daar is nie. Moet nie julle reg in Uilenkraalsmond verloor as gevolg van kortsigtigheid nie.

Ek hoop werklik ek het Junie 2010 beter nuus.

Groete

Hein Roux
Voorsitter